Skriflesing: Johannes 17; Kolossense 2:16-3:4
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 18**
Teks:
Sing- SAMESANG:
TYDENS EREDIENS:

Waar dit oor die opstanding van Christus gehandel het (Sondag 17), was daar maar net een vraag en antwoord, maar ons sien broeder en suster, oor die hemelvaart het ons ’n baie langer deel. Die rede hiervoor is dat oor die opstanding was daar in die vroeë kerke nie verskil van mening nie. Almal was oor Christus se opstanding dit eens dat Christus waarlik uit die dood opgestaan het en dat Hy lewe. Die historiese betroubaarheid en feite van die opstanding is by almal ewe belangrik en ewe hoog geag. Oor die hemelvaart het daar vroeg tussen die Lutherse kerke en die kerke van ons belydenis ’n verskil bestaan. Die Lutherse kerke sien die hemelvaart van Christus nie as ’n verandering van *plek* nie, maar as ’n verandering van *toestand*. Die menslike natuur het volgens die Lutherane die eienskappe van die goddelike natuur deelagtig geword en daarom is sy menslike natuur nie net in die hemel nie, maar sy menslike natuur is net so alomteenwoordig soos sy goddelike natuur.

Vanuit ons belydenis is Christus na sy menslike natuur nou in die hemel en is hy na sy mensheid op geen manier op die aarde meer teenwoordig nie. Die feit dat Christus na sy mensheid van ons af weggegaan het word in Sondag 18 eintlik van alle kante bely, want moet ons ook besef daar word op geen manier in die Here se Woord ooit op ’n negatiewe manier na die hemelvaart verwys nie. Van begin tot einde waar dit oor die hemelvaart handel word daar dadelik verwys na die oorvloedig seën wat vir die gelowige daarin opgesluit is. Dit wat Jesus in Johannes 16:7 gesê het- *Maar Ek sê vir julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan…*Die ontsaglike voordele, die onberekenbare wins van sy hemelvaart het Jesus sy dissipels Self sou verduidelik, want weet Jesus Hy het met ons as mense te doen.

***

Die mens, so ook Jesus se dissipels sou dit moeilik verstaan en ook moeilik wou aanvaar. Om afskeid te neem, om te weet dit gaan verander, was vir die dissipels asof hulle gedink het nou gaan hulle die Here groet. Hy gaan van ons af weg en net die enkele gedagte van weggaan het hulle harte klaar met droefheid gevul. Hy is dan die Een wat vir ons

belowe het- *Kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld* (Matt.28:20). Is dit nie ’n verbreking van sy eie belofte nie. Dit klink asof daar nou iets gaan gebeur wat alles gaan verander. Wat word werklik van sy belofte dat Hy met sy almag altyd by sy kerk sal bly. Die werklikheid van Christus se hemelvaart verander nie die minste aan die waarheid van sy belofte nie. Inteendeel Hy sal sy belofte eintlik net nog beter kan uitvoer, vanwaar Hy in die hemele opgeneem is.

Selfs die belofte vroeër in Johannes uitgespreek- Joh.14:1-3 kan eintlik net op grond van die werklike verandering van plek, kan net op grond van die hemelvaart nagekom word- *Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek GAAN (let wel **gaan**) om vir julle plek te berei. En as Ek GEGAAN en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is…*

***

Dadelik besef ons dat Hy praat nog steeds as Middelaar met ons. Hy laat sy kinders vir geen oomblik in die duister dat ons kan besef dat Hy ons ten goede daar is. ’n Goedheid wat mens nie eintlik oor uitgepraat kan raak as al die voordele eers werklik bedink word nie. Dit alles begin waar Hy sy deurboorde hande, die merke van die spykers sou nog duidelik gesien kon word, skielik oor sy dissipels begin hou en Hy in hierdie hande seënend oor hulle bly hou, al vaar Hy al verder van hulle af weg. Ja totdat Hy as ’n stippelteken in die geweldige groot hemelruim sou verdwyn was dit nie vir ’n oomblik anders dat sy hande nie meer oor hulle was nie. Met daardie oop hande is dit as’t ware asof Hy hoe hoër Hy gaan sy hande wyer en wyer oor al die gelowiges oor die aarde kon hou.

En dit is so belangrik dat ons sal besef die Kategismus laat nie toe dat daar van hierdie hemelse intrek aardse gedagtes gevorm mag word nie. Dit wat Christus op aarde moes doen was nou geheel en al afgehandel, dit is nou waarlik sy middelaarsreg, sy middelaarskrag, sy middelaarsheerlikheid wat gesien en bely mag word. Die gebed van Jesus vir sy dissipels in Johannes 17 laat hierdie reg wat nou alleen Christus sou toekom so duidelik spreek. In hierdie gebed dan sê Jesus (v.11)- *En Ek is nie meer in hierdie*

*wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe…*En dan openbaar Jesus dat Hy in die hemele die reg het om nou ons Voorspraak daar te wees, anders as wat Hy op aarde dit kon doen.

Geliefdes, dit moet ons goed begryp. Terwyl Jesus op aarde was, het Hy ook vir ons kon bid. Hy was ook Voorspraak gewees, soos vir Petrus wat die Here vir hom gesê het- *Ek het vir jou gebid dat jou geloof nie ophou nie.* Maar Jesus se arbeidstyd het nou in die volgende fase inbeweeg. Hy wat Self sy arbeidstyd in twee deel, waar Hy nou vir ons kan bid op grond van sy voltooide werk, want op aarde moes Hy nog eers hierdie regte verwerf, Hy moes nog eers alles nakom in wat Hy Self moes deurgaan, maar ons besef waar Hy nou is, waar Hy nou in die hemele troon, waar Hy nou vir ons bid, waar Hy nou vir ons intree is Hy die Een wat alleen die volle reg het om dit te doen. Hy het hierdie reg, hierdie middelaarsreg ten volle verdien. Watter pragtige bewys is alleen net die feit van die hemelvaart. God die Vader bevestig dit alles deur sy Seun na Hom te neem. Waar Hy voortaan vir ons sal bid sal Hy hierdie reg kan laat bly geld. Christus wat ook nou die reg het op die verhoring van die gebed.

Wanneer God ons gebede verhoor is dit net genade op genade, maar Christus het die reg op die verhoring van sy gebede. Watter geweldige verskil tussen ons en Christus en die verskil sou nie ’n werklikheid kon word sou dit nie wees vir die volle werklikheid van die hemelvaart nie. As Christus in Johannes 17:24 net sê- *Vader Ek wil hê…*dan het Christus nie maar net ’n versoek of ’n wens wat Hy tot die Vader rig nie, maar op grond van sy werk het hierdie gebed die krag van ’n eis wat Hy aan die Vader kan stel. Hy het die reg om van God te eis, dit wat niemand van ons uit onsself het nie, maar Hy wat kan eis, dat al sondig ons menigmaal, dan kan Hy eis dat God ons moet vergewe, omdat Hy reeds vir al daardie sondes aan die kruis betaal het.

Hierdie reg wat alleen Christus kon verwerf, word deur sy hemelvaart nou ook sy middelaarskrag. Watter geweldige krag as ons besef dit gaan om die feit dat Christus vir ons bewaring daar is- *Heilige Vader, bewaar in U Naam die wat U my gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons. Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle*

*in U Naam bewaar. Oor die wat U my gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf sodat die Skrif vervul sou word…*En waar dit gaan om die bewaringskrag, om Christus se middelaarskrag na sy hemelvaart dan hoor ons die geweldige van vers 15- *Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar…*

Hierdie bewaringskrag sal Christus nie meer kan uitvoer soos op die aarde nie. Christus stel dit baie duidelik, maar het Christus eintlik sy hemelvaart as begin gesien van ’n nog groter krag wat die wêreld sou inkom. Die uitstorting van die Heilige Gees. In sy hemelvaart gaan dit vir Christus nou om meer as net sy reg om vir ons te bid, maar Hy bid dat die krag los mag kom waarmee Hy ons nog beter vas kan hou. ’n Krag wat op Pinkster ten volle losgekom het, maar weereens dit sou nie kon gebeur voor die hemelvaart nie plaasgevind het nie.

Al haat die wêreld die kerk, en al sal die kerk op aarde baie swaar kry, maar laat ons besef die kragte wat ons as kerk hier op aarde bewaar is kragte wat van die hemel kom. Ons het die Heilige Gees ontvang deur Wie ons kan *soek die dinge wat daarbo is, en juis nie dit wat op die aarde is nie.* Ons kan met hierdie krag die hemelse dinge vashou terwyl ons besef in hierdie krag het ons op hierdie aarde nie ’n tweedeklas roeping nie. Spesifiek bid Christus dat die Vader ons nie uit hierdie wêreld moet wegneem nie, maar dat ons juis in hierdie wêreld met die krag van sy opstanding en hemelvaart, tussen die ongelowiges sal inbeweeg, dat ons juis in die midde van ongelowiges van die Bose bewaar mag word.

Ons moet in hierdie wêreld bly, Christus bid dat God ons nie moet wegneem nie, maar steeds in hierdie wêreld tog nie van hierdie wêreld moet word nie. Die gebed is nog weer ’n gebed wat wys op wat na die hemelvaart mag wees- *Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie. Heilig hulle in U waarheid; u Woord is die waarheid. Soos U My gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur. En Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid geheilig kan wees.*

En die krag van Jesus se gebed strek ontsaglik vêr. Sy middelaarskrag juis op grond van sy hemelvaart sou hierdie gebed na alle kante bring- Hoor net die omvang hiervan- *Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo- dat almal een mag wees net soos U, Vader in My en Ek in U (een is)…dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U my gestuur het.*

Die hemelvaart is die begin van wat nou ’n nog groter moontlikheid geword het. Die volle omvang van die aarde, waar Christus die aardse ruimtes uitgestyg het, waar Hy nou bó alles is, daar gaan dit om Een in Christus te wees, soos Christus met die Vader Een is. Jesus bid vir ’n eenheid wat geweldig kragtig moet wees, want sy middelaarskrag word in hierdie eenheid uitgedra, maar ook sy middelaarsglorie. Daardie heerlikheid van Hom as Middelaar, want gaan dit in hierdie eenheid wat die hemelvaart moes bevestig nie net om die uitdra van Christus se krag nie, maar ook om die uitdra van sy heerlikheid- *En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is. Ek in hulle en hulle in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het…*

***

Hierdie feit dat Christus opgevaar het, maar dat sy Godheid (majesteit, genade en Gees) deur niks ingeperk kan word nie, en dat sy Godheid wel buite sy aangenome mensheid is, dis oral teenwoordig, watter troos om dan in V/A 48 te besef , dat hierdie almagtige en oral teenwoordige Godheid **ook in die mensheid is en persoonlik daarmee verenig bly.** Soos ons in die gebed van Christus dit eintlik aanmekaar hoor dat Hy met die mensheid verenig wil bly en dit juis op die wyse wat die hemelvaart dit vir ons kon bewerk.

Christus wat dit eintlik baie sterk gestel het. Na sy hemelvaart is ons gebring by wat ook in Johannes 14:12 staan- *Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, wie in My glo- die werke wat Ek doen, sal hy ook doen, en hy sal GROTER werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan…*Om groter werke te doen as wat Christus op aarde gedoen het, is nie iets wat maar ongesiens ons mag verbygaan nie. Dit gaan nie daaroor dat dit ons is wat nou groter en beter dinge gaan regkry, dinge wat Christus nie reggekry het nie.

Broeder en suster, Christus se solidariteit met ons is van so wesentlike belang, Sy eenheid met ons is so deurslaggewend, al is Hy na sy mensheid nou in die hemel, aan die regterhand van God die almagtige Vader, maar na sy Godheid, omdat Hy na sy Vader gaan, sal Hy daar vanuit die hemele groter dinge deur ons doen, as die dinge wat Hy terwyl Hy nog na sy mensheid op aarde was deur ons kon doen. Dit wat Christus in die hemele doen, daar sit Hy sy invloedryke werk voort, juis die dinge wat op die aarde nie afgehandel kon word nie. Hy doen dit as Een aan Wie alle mag in die hemel en op die aarde behoort. Daarom dat Hy ook kon sê dat ons nou groter werke kon doen as die werke wat Hy gedoen het, want Hy het die mag en Hy het die posisie, omdat Hy na die Vader gegaan het, om nou hierdie groter dinge deur ons te doen.

Christus wat hierdie belofte gee, Hy voer dit ook uit. Hy wat as mens in die hemel by God is. Wanneer Jesus die groter dinge doen dan is dit geweldig om te besef Hy doen dit as ons Hoof, wat ook ons menslike natuur in die hemel verteenwoordig. Die groter dinge wat Hy deur ons doen, maak sy belofte net sterker dat Hy ook ons sy lede tot Hom sal neem. Maar ons het nie net die hemelse waarborg nie, sy Gees is terselfdertyd die waarborg ons hier gegewe. Deur die krag van die Gees soek ons dan ook die dinge wat daarbo is, waar Christus aan die regterhand van God sit.

Terwyl ons besef deur dieselfde Heilige Gees is Christus terwyl ons Hom daarbo soek is Hy hieronder met ons deur sy Gees verenig. Sy Godheid, majesteit, genade en Gees spreek van alle kante. Sy Godheid wat ons verseker dat Hy ons met sy sorg en almag omring. Sy majesteit is sy koninklike heerskappy, waar Hy as Koning van alle konings heers. Ons hele lewe is in die hande van hierdie almagtige en oral teenwoordige Koning. Sy genade bly by ons. Elke dag gaan sy hand vir ons oop. Sy genadige sorg en sy liefde vloei oor ons. Hoe naby Hy werklik aan ons is, word deur sy Gees bewerk. Deur sy Gees is Hy sonder ophou by ons aanwesig. Wanneer ons in die Evangelie bly is, dan is Hy saam met ons bly, maar wanneer ons treur, wanneer ons eensaam is, wanneer ons ontredderd staan dan is Hy deur sy Gees ons Trooster.

As ons Trooster hier op aarde, deur sy Heilige Gees, maar ook as mens in die hemel, is dit geen geval van die twee word van mekaar geskei nie. ’n Beeld kan dit dalk duideliker maak. Ons trek ’n klein volledige sirkel en reg rondom hierdie sirkel nog weer ’n sirkel net baie groter. Die kleiner sirkel is nie van die grote geskei nie, maar tog word dit voortdurend deur die grote ingesluit en is heeltyd deel van die grotere. Christus se goddelike natuur is die grote sirkel wat kom waar die kleine nie kan kom nie, terwyl die kleine nooit werklik van die grote geskei is nie. So kan ons Christus se goddelike natuur van sy menslike natuur nie skei nie en tog is daar plekke wat Christus net met sy Godheid aanwesig is.

***

Die laaste vraag in Sondag 18 wil eintlik vir ons alles saamvat. Waar ons Christus omhoog met seënende hande bo ons in die geloof mag sien, is Hy die groot Priester oor die huis van God. Watter nut die hemelvaart van Christus vir ons het, is alles in die hande van hierdie Priester. V/A 49 moet eintlik al die begin wees van Sondag 19. Die groot Priester oor die huis van God is die Een wat vir ons die hemel opgeruim het toe Hy aan die regterhand van God gaan sit en dit terwyl Hy sy heerlikheid oor ons uitstort, deur die hemelse gawes wat Hy deur sy Gees oor ons uitstort. Maar voor Hy nog aan die regterhand van God gestel word, voor Hy nog ons sy gawes gee, het ons eintlik dadelik die vrug van die hemelvaart wat Hy in die voorhof van jou lewe stel.

Daar waar jou lewe die uitstal ruimte vir God moet wees, daar moet jy kan bely dat ek werklik Christus as my Voorspraak by die Vader ken. Hy is my Advokaat by die Vader. Hy het vir ons die weg na God se Vaderhart geopen. Hy wat voortdurend met die regsgronde wat Hy alleen kan stel, ons saak voor God stel. As God maar ook as mens met sy opstandingsliggaam is Hy in die hemel. God het deur Hom ons menslike natuur in die hemel toegelaat. Hierdie is vir ons ’n pand soos wat ’n trouring ook ’n pand is. Die pand en die teë pand is waar die bruid en bruidegom voortdurend aan mekaar herinner word, maak nie saak hoe vêr hulle werklik van mekaar is nie, die pande verteenwoordig as’t ware die een by die ander een.

Christus se menslike natuur in die hemel is die pand, waarin Hy ons verseker en waardeur Hy ons herinner dat Hy ons menslike natuur saam met Hom die hemel ingeneem het. Die Christuspand in die hemel het ook ’n pand, ’n teë pand hier op aarde. Die Heilige Gees herinner ons dat ons aan ons hemelse Bruidegom met ons natuur in die hemel getrou moet bly. Al hoe ons getrou kan bly is deur aan sy Woord getrou te wees. Hoe bevoorreg is ons om sommer twee waarborge te kon ontvang dat Christus vir ons daar (in die hemel) is, maar ook by ons hier (op die aarde) is.

AMEN

Vrae uit Sondag 18

1. Hoekom is Sondag 17 wat oor die opstanding van Christus handel ’n heelwat korter deel van ons belydenis as Sondag 18 wat oor die hemelvaart handel?
2. Wie het gesien dat Jesus na die hemel opgevaar het?
3. Wat is die verskil tussen ons en die Lutherse kerk se siening rondom die hemelvaart van ons Here Jesus Christus?
4. Hoe moet ons dit verstaan dat die Here Jesus gesê het dat Hy altyd by ons sal bly en tog het Hy van ons af weggegaan?
5. Wat is die betekenis van Christus se hande wat Hy oor ons gehou het toe Hy na die hemel omhoog gevaar het?
6. Watter reg het Christus nou in die hemel nadat Hy die hemel ingevaar het?
7. Is die gebede waarin Christus voor die hemelvaart by die Vader vir ons ingetree het maar dieselfde as die gebede wat Hy nou vir ons bid?
8. In watter opsig is Christus se middelaarskrag nou in die hemel werksaam.
9. Wat is die groter krag wat na Christus se hemelvaart hierdie wêreld ingekom het?
10. Hoekom het Christus gebid dat God ons nie van hierdie wêreld moet wegneem nie?
11. In watter opsig het Christus vir die eenheid van Sy kerk gebid?
12. Hoe moet ons dit verstaan dat Christus gesê het dat na sy hemelvaart ons nog groter werke sal kan doen as die werke wat gedoen was terwyl Hy nog op die aarde was?
13. Watter beeld kan ons gebruik om te verduidelik dat Christus liggaamlik nie by ons is nie, maar tog is Hy na sy Godheid, majesteit, genade en Gees altyd by ons? (Onthou sy goddelike natuur was nog nooit van sy menslike natuur geskei nie, en ons mag dit ook nie wil skei nie.)
14. Wat is ’n pand en wat is ’n ander woord vir ’n pand?
15. Noem die waarborge (pande) wat die Here vir ons gegee het dat Hy in die hemel vir ons is, maar dat Hy ook hier by ons op die aarde is?
16. Wat is ’n ander Naam vir die Heilige Gees wat Jesus Self vir die Gees gegee het?

SONDAG 18


46. Wat verstaan jy onder: *opgevaar het na die hemel?*
Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem
Hy is in die hemel ons ten goede
Hy kom weer om oor die lewendes en die dooies te oordeel


47. Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie?
Christus is:
ware mens
en ware God
Wat sy menslike natuur betref , is Hy nie meer op die aarde nie
Wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie


48. Maar as die mensheid nie orals is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?
Nee, glad nie
Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie
Die Godheid is oral teenwoordig
Hieruit moet volg:
dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid is
dat die Godheid tog ook ín die mensheid is en persoonlik daarmee verenig bly
49. Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?
Hy is in die hemel ons Voorspraak by die Vader
Ons het ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg
Waarvan?
dat Hy as die Hoof ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem
Hy stuur sy Gees as waarborg na ons toe
Gevolg?
Deur die krag van die Gees soek ons wat daarbo is waar Christus aan die regterhand van God sit, en nie wat op die aarde is nie